



Gemaskerde oë

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ek stap skamerig 'n klein kliniek binne. Die gemaskerde pasiënte sit rustig geregleerde distansies van mekaar af. By die perspeksvenster probeer ek eers die Covid-knal saggies los, sodat niemand anders dit kan hoor nie: *Ek kom vir 'n Covid-screening toets, sê ek kalm.*

Met 'n fronsvoorkop sê sy: *Ek kan nie hoor nie.* Toe laat ek maar bulderend die bom val: *Ek is hier vir 'n Covid-screening-toets!* Die ontvangsdame steier terug asof ek aan die ergste vorm van halitose lei. *Die suster sal nou by jou wees, gaan sit maar, sê sy en kyk na die potensiële sneuwelinge.*

Dit lyk asof ons in 'n kwarantynfasiliteit is. Met skrefiesoë kyk die gemaskerde pasiënte na my en dan na die enigste twee oop stoele, asof hulle 'n senutergende tenniswedstryd tussen Federer en Nadal aanskou. Meteens kyk almal na die slagoffer naaste aan die eerste stoel, 'n ouerige dame. Vinnig skuif sy haar handsak na die oop sitplek, *Ekskuus*, sê sy skamerig en kyk weg. Die oorblywende slagoffer naaste aan die enigste oop stoel skuifel ongemaklik rond soos 'n beskuldigde wat 'n doodsvonniss opgelê is. Ek kyk na veroordelende oë wat my waarsku dat ek nie durf waag om op enige ander stoel te sit nie.

Ek sal maar buite sit, kondig ek amper onder toejuiging van sugte aan. *Dankie!* sê die stem agter die perspeksantser, *ons sal jou roep.* Ek hoor die *sssh, ssssh!* van die ontsmettingsmiddel wat in die vertrek versprei word toe ek uitbeweeg. 'n Stem in die gang roep bekommerd: *Stadig met daardie goed, dis duur!* Maar dis woorde in die wind van die *sssh, ssssh* wat die geveg tussen lewe en dood probeer wen.

Deur die glasdeure hou ek die gemaskerde groepie dop wat die aërosolgas met groot teue inasem asof dit die eerste keer is dat hulle asemhaal nadat ek die Covid-bom laat val het. Ek is nog die enigste een wat my asem ophou, want ek het 'n begrafnis in twee dae en wat gaan ek vir die tannie sê wat haar man stigtelik wil groet indien ek positief getoets word?

Terwyl ek daar sit, kom 'n jong man daar aan. Hy vra vir dieselfde toets. Rondte nommer twee, dink ek met 'n glimlag. Hy steur hom glad nie aan die doodsvonnisoë nie, maar is baie meer bekommerd oor hoeveel die toets gaan kos. *R200*, sê die stem. Hy draai om en stap by my verby. In die verbygaan sien ek sy bekommerde oë en ek probeer hom gerusstel dat ons darem in dieselfde span is met die woorde: *Dis maar rof daarbinne.* Hy probeer glimlag, knik sy kop en stap verby. Hy gaan seker die arme Covid-beskuldigde in die motor haal, dan vir rondte nommer drie, dink ek. Hy kom nie weer terug nie...


Terwyl ek luister na die toetsverduideliking van die suster met herhaaldelike *sssh, ssssh*-onderbrekings, hou ek nabetragting oor sy situasie. Hy was bekommerd oor die R200, besef ek. Ek luister glad nie meer na die verduideliking of die uitslag nie, die doodsvonnisoë en die *sssh, ssssh* maak geen indruk op my nie. Want my gedagtes is by die man en die R200. Ek was skaam en verontwaardig omdat mense my aankyk en veroordeel oor 'n toets wat ek moes doen, maar hy? Hy moet tien teen een 'n ouma, pa, ma, vrou of selfs sy kind in die oë kyk en met doodsvonnisoë sê: *Ek het nie die R200 nie; ons kan maar net bid.*

Ek voel skaam. Ek was só bekommerd oor wat mense van my dink dat ek my naaste se R200-geveg tussen lewe en dood gemis het. Mag my ego nooit weer in die pad van iemand se R200-lewe staan nie, bid ek. Ons het nie net maskers op ons monde en neuse nie, dink ek, toe ek die deur met die *sssh, ssssh* in die agtergrond toeswaai.

Lief en leed



Ds Johan Viljoen



Mev Lena Botha

- **Ds JJ (Johan) Viljoen** (emeritus) is Vrydagoggend 5 Februarie omstreeks 06:30 in die Kosmoshospitaal in Witbank oorlede. Hy het die Donderdagmiddag 'n hartstilstand gehad, en weer twee keer Vrydagoggend. Sy hele gesin, sy broer ds Pieter Viljoen (Alberton) en ander gesinslede kon hom Donderdagaand besoek. Die gesin is bygestaan deur ds Nicolaas Steenekamp van Middelburg. Ds Johan sou op 15 Februarie 67 jaar oud geword het. Die roudiens vind plaas op Saterdag 13 Februarie om 11:00 vanuit Gemeente Middelburg; ds Steenekamp sal die diens lei. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Marietjie, en al hul familie.
- **Mev MMS (Lena) Botha** (née Ballot), weduwee van ds RP Botha wat in 2005 oorlede is, is Dinsdagoggend 9 Februarie net na middernag oorlede. Sy was in die versorgingseenheid van die Witfield Park-aftreeoord. Mev Botha was op 28 Januarie vanjaar 91 jaar oud. Ons innige medelye gaan aan haar dogter, Linette Dreyer, en hul naasbestandes. Die roudiens vind plaas op Vrydag 19 Februarie om 10:00 vanuit Gemeente Primrose-Oos en word gelei deur ds Jasper van der Westhuizen, 'n vorige predikant van mev Botha.
- **Prop Daan Steinmann** se broer is onlangs op 'n Dinsdag vir 'n angiogram na 1 Militêre Hospitaal, en het toe 'n trombose gekry waarvoor hy nie behandel is nie. Die Donderdagoggend vroeg het hy sy seun gebel om hom hospitaal toe te neem, maar hy is op pad daarheen oorlede. Ons innige simpatie gaan aan prop Steinmann en hul familie.
- Ons het verneem dat **ds Juan de Beer** (Parys) sy **oupa en ouma** in een week aan die dood afgestaan het. Ons innige simpatie gaan aan ds De Beer en sy familie.
- **Dr Frikkie Labuschagne** (Sinodale Dienssentrum) **se moeder, Mariëtte**, is verlede week in die hospitaal opgeneem met Covid-simptome. Daar is egter vasgestel dat sy voedselvergiftiging opgedoen het. Sy het behandeling ontvang weens lae suurstofvlakke, en is verlede Sondag ontslaan. Ons bid haar algehele herstel toe.
- **Mev GC (Trudie) Buitenweg**, weduwee van ds NH Buitenweg wat in 2006 oorlede is, is Maandag 8 Februarie in die Life Wilgers Hospitaal se kardiologie-afdeling opgeneem. Ons bid haar spoedige beterskap toe.
- Intussen is nog talle van ons predikante en/of hul gesinslede gediagnoseer met of behandel vir **Covid-simptome**. **Dr Estelle Dannhauser** (emeritus) was baie siek (vermoedelik weens Covid), maar is nou al beter; sy is nog in selfisolasie tuis en redelik swak. **Mev Tana Pienaar** (vrou van ds Robby Pienaar van Ogies) het in die eerste vlaag reeds Covid gehad, maar het na twee weke goed herstel. **Mev Maryna Kramer** (vrou van emerituspredikant ds Jan Kramer van Elsburg) is aan die einde van 2020 weer in die hospitaal opgeneem en het later ook Covid opgedoen; haar fisiese toestand het verswak sodat sy redelik pyn ervaar en nie maklik kan beweeg nie. **Ds Pieter Viljoen** (Alberton) **se dogter** het in 2020 Covid gehad, maar gelukkig nie ernstig nie, en sy kon selfs aanhou om van die huis af te werk. **Willie de Beer**, seun van ds Stephen en dr Sanrie de Beer, het aan die begin van die jaar Covid opgedoen. **Mev Wializé Rocher**, vrou van ds Guillaume Rocher van Balfour/Heidelberg, het aan die begin van die pandemie Covid onder lede gehad, ook nie ernstig nie. **Ds Johan Koekemoer** (Marble Hall) **se broer** is positief getoets vir Covid, en hulle moes toe almal in isolasie gaan; niemand anders het dit opgedoen nie, en hy kon intussen terugkeer werk toe. **Ds Innes Benadé**, sy vrou **Greta** en hul seun (Oudtshoorn) het aan die begin van Desember Covid gehad, maar het herstel. **Ds Fanie Willers** (beroepafwagting) se ouers en broer het verlede jaar Covid gehad en herstel. **Dr Annelie Botha** (Mafeking/Zeerust) se broer en sy gesin het Covid onder lede gehad, maar het almal mooi herstel.
- Verskeie van ons predikante en/of hul gesinne het ook intussen **ander gesondheidsprobleme** ondervind. **Mev Roné le Roux**, vrou van ds Pieter le Roux (Christiana/Molopo/Vaalharts), het in Desember 'n knieervanging gehad. **Ds Liza Jansen** (Witbank-Suid) herstel tans na 'n onlangse operasie, waartydens sy ervaar het hoe dit is om alleen in die hospitaal te wees. **Ds Michael en Andrea Müller** (Klerksdorp-Wilkoppies) **se dogtertjie** was vir 'n week na haar geboorte in die hospitaal omdat sy 'n bakterie opgedoen het. **Mev Yvette Enslin**, vrou van ds Nardus Enslin (Rustenburg-Kloof), het goed herstel na haar operasie 'n jaar gelede.

Dit gaan goed met **dr Jan Truter** (emeritus/Letsitele) **se seun** wat verlede jaar ernstig siek was met beroerte; hy trou op 21 Mei met 'n apteker. **Dr Ernest Marran** (Losberg) se sig is baie beter na 'n reeks operasies, en sy eerste kleinkind is op pad. Dit gaan stadigaan beter met **dr Piet van Staden** (Stellenbosch/Worcester) **se dogter**; sy kan nog nie weer praat of loop nie, maar daar is vordering. **Ds Japie Coetzee** (emeritus) **se seun, Hannes**, loop na 'n jaar weer, en hy hou weer skool. **Ds Elmien en Derrick Shaw** (Swartkop) se 16 maande oue seuntjie was al drie keer in die hospitaal se Ongevalle-afdeling.

- Daar is ook **ander huwelike** gesmee en **babas beplan**. **Ds Dolf Bester** (Boksburg) is op 21 November met Amoré (ds Edzard van Baalen van Parkrand se dogter) getroud toe die regulasies hulle toegelaat het om met wittebrood te gaan. **Ds Marina Kok** (Potchefstroom) en ds Waldo Pretorius (Kuruman-kombinasie) het op 20 Januarie verloof geraak. **Ds Henk en Trudie Joubert** (Welgelegen-Pietersburg) **se seun, Jannes**, is op 2 Mei in Duiwelskloof getroud met slegs die bruidspaar en die twee ouerpare teenwoordig, en hulle kon eers maande later 'n groot bruilofsfees met gaste vier. **Ds Schalk en Marlé Zastron** (Goudveld/Kroonstad) verwag 'n dogtertjie. **Ds Francois Evert** (Declerqville) gaan vir die eerste keer oupa word, en sy jongste dogter is verloof. **Ds Willem Pelser**, die NG predikant wat Roedtan bedien, het onlangs 'n tweede kleinseun in Nieu-Seeland ryker geword. **Ds Danie en Linda van der Watt** (Montana) gaan vir die eerste keer oupa en ouma word. **Ds Leon en Zanté Geel** (Midstream) se baba word teen 21 Mei verwag. **Ds Lilian Erasmus** (Wonderboom) het tans 'n 17-jarige dogter in pleegsorg.

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Februarie 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (64) (Ventersdorp)
- Vrydag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (62) (Alberton)
- Saterdag 13 Februarie: Ds D (Dewald) Kruger (30) (beroepafwagting)
- Sondag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (74) (emeritus) en ds CP (Larry) van der Walt (38) (Oos-Londen)
- Maandag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (38) (Belfast/Waterval Boven)
- Woensdag 17 Februarie: Di DJ (Danie) Struwig (68) (emeritus) en A (Antionette) Janse van Rensburg (33) (Kapelaan/Montana)
- Donderdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (68) (emeritus/Stellenbosch/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (64) (Wonderboom)
- Vrydag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (64) (Pierneef)

Gemeentes en bediening

- 'n **Bekendstellingswebinaar** in die gebruik van **Sage One Accounting** word op **23 Februarie van 19:00 tot 21:00** deur die Afdeling Interne Oudit aangebied. Dit is 'n gebruikersvriendelike bestuursagtewareprogram wat deur gemeentes gebruik kan word teen 'n bekostigbare tarief. U kan van die volgende skakel gebruik maak om deel te neem:

Join Zoom Meeting

<https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09>

Meeting ID: 942 768 9935

Passcode: SGB

- **Gemeente Standerton** se **e-posadres** het verander. Die ou adres was **nhkstanderton@telkomsa.net**. Gebruik asseblief nou die nuwe adres, naamlik **nhkstanderton@gmail.com**.
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by **george.marais@fineandcountry.com**. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

Beplande vergaderings

- Vrydag 12 Februarie: Oudit- en Risikokomitee
Moderamen
- Vrydag 19 Februarie NHSV Hoofbestuur

Kerklike publikasies

- **Dr Elritia le Roux**, voorheen predikant in die NHKA se gemeentes Outjo/Otjiwarongo en Middelburg, is tans betrokke by die Freie evangeliese Gemeinde Wuppertal-Vohwinkel in Duitsland. Sy het pas die meningstuk *As die swart hond begin grom...* van Tessa Oppermann op ons Kerk se webblad (Junie 2020, by <https://nhka.org/as-die-swart-hond-begin-grom/>) in Duits vertaal vir haar nuwe gemeente se weeklikse nuusbrief. Daar verskyn dikwels 'n inleidingsartikel oor iets wat aktueel is in hul nuusbrief. Sy het onder die lidmate vasgestel dat die uitwerking van die inperking ook sy tol geestelik en emosioneel op hulle eis, en het daarom gedink dat die teks uiters relevant is. Die Duitse weergawe van die meningstuk verskyn in hul uitgawe van 7 Februarie 2021 en kan gelees word by www.vohwinkel.feg.de (<https://vohwinkel.feg.de/aktuelles/#lockdown>). Dr Le Roux laat weet: *Ek het reeds goeie terugvoering daaroor gekry. Dit wil voorkom asof almal daarmee kan identifiseer.*



Bybelse Dagboek / Almanak 2021
(beskikbaar in Desember 2020)
R190 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia.** Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Wolmaransstad: Virtuele wedren (fiets/hardloop)**
Saterdag 13 Februarie
Babaren; 1 km; 5 km; 10 km
Kies die afstand wat jy wil ry/hardloop
Stuur nou jou inskrywing en bewys van betaling
Ontvang fietsrynommer
Nadat jy die afstand voltooi het (op dieselfde dag):
Stuur foto of rekordhouding en ontvang jou medalje
Navrae: 060 997 2344 / nhwollies@yebo.co.za
Facebook: NHK Virtual Race

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- to 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

'n Gedig

Vroegoggend op straat

Vroegoggend se koerantplakkate
gaan aan haar verby;
sy dink aan die kooksel boontjies,
reg vir die aand se pluk;
Lucas wat die mandjie vashou,
die dom hand roerloos in sy skoot,
met bril en selfoon om die nek;
Lucas wat in die groentetuin
steekvlieë en kewers afmaak
tussen voorvinger en duim;

sy dink hoe sy vandag sal stryk en stofsuig
om brood te win vir haar en Lucas,
in 'n rolstoel ná taxi-geweld;
getroos dat die versekering betaal vir paadjies
om hul huis, dat hy onder die bruinvy
en lukwartboom kan sit.

Wanneer hy vanaand haar hande
in sy slim hand toemaak,
vir haar en vir die wêreld bid,
is sy dankbaar vir die lewe

met 'n man en 'n kat –
vir die vrede.

Eunice Basson
(Uit: *Leiboom*, 2014)

Barmhartigheid

- **Spesiale deurkollekte Sondag 14 Februarie ten bate van die NHSV se Beurs- en Leningsfonds.** Die NHSV is dankbaar vir alle gemeentes wat jaarliks bydra tot hierdie verdienstelike saak. Die toekennings wat aan ons Hervormde studente gemaak word vanuit hierdie fonds, moet nie geringgeskat word nie en het al menige student gehelp om sy of haar studies te voltooi. Opvoeding is ons jeug se paspoort na die toekoms! Inbetalings kan gedoen word in die volgende rekening: NHSV Hoofbestuur, ABSA rekeningnommer 4051454181, verwysing: NHSV B&L + gemeentenaam. Stuur asseblief 'n bewys van betaling na finansies@nhsv.org.za indien moontlik.
- **Vakature: Permanente huisouers vir ses seuns**
Huis Prinsloo, Rustenburg
Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55
(Verkieslik getroude egpaar)
Kandidate moet keurings- en psigometriese prosesse deurloop
Moet SAPD-klaringsertifikaat toon
Kontak: Otto Viljoen 079 495 2007 / 060 968 4907 / kinderhuise@nhk.co.za
Suzanne van Deventer 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za
Tertia Vos 082 781 6966 / tvos@vodamail.co.za

- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
Twee tweeslaapkamerwoonstelle te koop teen R560 000 elk
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com

Toerusting

- **Vereniging vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika (SPTSA)**
Woensdag 17 Februarie 19:00-21:00 Zoom
Rethinking religion and what really matters
Prof Joerg Rieger (Vanderbilt Divinity School)
Registreer by: <https://bit.ly/SPTSA2021KNS>
Meer inligting by dr Rudy Denton 082 459 9710
rudydenton@outlook.com

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + **Blitspos.** **Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Soos die hand gemaak is om vas te hou
en die oog om te sien,
so het U my gemaak vir vreugde, Here.
Deel daarom u visie met my
om daardie vreugde oral om my te vind:
in die skoonheid van die wilde viooltjies,
in die lewerik se melodie,
in die gesig van 'n standvastige man,
in 'n kind se glimlag,
in 'n ma se liefde,
in die vlekkeloosheid van Jesus.
Amen.

Skotse Keltiese gebed

(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*,
Ellen Banks Elwell,
vertaal deur Gerda-Mari Zietsman,
CUM 2019)